**Huiswerkvel 12 (Hoofstuk 6)**

Lees die onderstaande artikel en beantwoord die begripsvrae wat volg:

**KOUGA KRAAI KONING**

Die Kouga is een van die minder-ontwikkelde areas op die Tuinroete en strek vanaf die Van Stadensrivier tot en met Jeffreysbaai.

**Dag 1: In die bek van die draak!**
Ons vertrek voor sonsopkoms uit Somerset-Wes en ploeg ons pad deur die digte mis oor Sir Lowry's Pas. Dis halfvyf in die oggend en ons beplan reeds wat ons by Riversdal se Wimpy gaan eet. Ons mikpunt is om teen twaalfuur die Stormsriviermond te besoek. ŉ Paar uur later sluk die mond ons met natpakke en kajaks in. Die hangbrug verwelkom ons met ŉ vriendelike gesig en dit vat nie lank om te besef hoekom duisende oorsese toeriste jaarliks hiernatoe stroom nie.

**Dag 2: Branderplank-mekka**
Ons basis in die Kouga is ŉ mooi strandhuis wat regoor die ligtoring in Kaap St. Francisbaai gebou is. Daar is baie strandhuise te huur, veral buite seisoen, maar St. Francisbaai Vakansieoord is ook ŉ goeie opsie. Hulle bied vyfster-, driester- en rugstapstapperakkommodasie. Die restaurant bedien heerlike etes en dis nie ver van die strand af nie. Jy sal nie ŉ fout maak om hier te bly nie. St. Francisbaai is ŉ rusplek vir die siel, maar binne ŉ japtrap kan jy of in Jeffreys, Patensie of selfs PE wees. Na ŉ stewige ontbyt ry ons deur Jeffreys toe. St. Francisbaai en Jeffreys is perfekte bestemmings vir branderplankryers.

**Dag 3: Addo Adrenalien**
Alhoewel Port Elizabeth nie deel vorm van die Kouga-distrik nie, is dit naby genoeg om vir die dag deur te ry. Kagga Kamma is 45 minute se ry uit die stad en die Addo Olifantpark is ŉ wonderlike bestemming vir die hele familie. Die meeste mense het egter nog nie van Addo Adrenalien gehoor nie. Na middagete by die oudste hotel in PE maak ons onsself gereed vir die langste *zipline* in Suid-Afrika. Addo Adrenalien het in Oktober 2013 geopen en sal die braafbroeke van die bangbroeke skei.

1. Wat word geïmpliseer deur die titel van die leesstuk? (1)
2. Waar stop die skrywer vir koffie en ontbyt op die lang pad? (1)
3. Verduidelik die volgende sin in jou eie woorde: "*ŉ Paar uur later sluk die mond ons met natpakke in."* (1)
4. Hoe kom die spreker tot in die mond? (1)
5. Waar bly die spreker? (1)
6. Wat dink jy is ŉ "mekka" as die spreker verwys na ŉ "Branderplank-mekka"? (1)
7. Watter tipe akkommodasie bied St. Francisbaai Vakansieoord? (3)
8. Hoekom besoek baie mense St. Francisbaai en Jeffreys? (1)
9. WAAR OF ONWAAR? Motiveer jou antwoord. (2)
   *Addo Adrenalien is bekend vir olifante.*
10. Wanneer het Addo Adrenalien hul deure oopgemaak? (1)
11. Voltooi die idiomatiese uitdrukking wat te doen het met "bang" en gee die betekenis daarvan (2).
    Liewer **bang __________________**.

Totaal: 15

Hierdie bladsy mag gekopieer word.